KOMMISSARISSTRAAT 64 • 64 KOMMISSARIS STREET WELGEMOED 7530 • T 021 913 2400 • admin@welgemoedpp.co.za

**KENNISGEWING: BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPI) vereis dat ons u inlig hoe ons persoonlike inligting wat ons van u verkry, verwerk en openbaar. Ons is daartoe verbind om u privaatheid te beskerm en sal toesien dat u persoonlike inligting toepaslik, deursigtig en volgens die toepaslike wetgewing gebruik word. Hierdie privaatheidsbeleid is van toepassing op alle elektroniese media en papier-dokumente van Welgemoed Preprimêr, insluitend ons webwerf: www.welgemoedpp.co.za en bepaal die insameling, berging en gebruik van data.

1. DIE INLIGTING WAT ONS INSAMEL:

Ons versamel persoonlike identifiseerbare inligting, soos:

- u identititeistnommer (s).
- inligting rakende u minderjarige kind
- e-pos adres
- naam, van en geboortedatum
- huis- en werkadres en telefoon- / selfoonnommer
- u beroep en naam van werkgewer
- mediese geskiedenis van u kind
- vorige skole wat u kind bygewoon het
- inligting rakende u kind se broers en susters
- vorige mediese rekords van u kind
- vorige assesserings van u kind
- geslag van u kind
- ouderdom van u kind sowel as u, die ouer(s)

Dit is om u minderjarige kleuter die beste moontlike versorging en opvoeding te bied. Sulke inligting sal die onderwyser help om u kleuter met die regte mate van medelye en insig te beoordeel en te help.

2. HOE ONS DIE INLIGTING GEBRUIK:

Ons sal u persoonlike inligting slegs gebruik vir die doeleindes waarvoor dit versamel was en met u ooreengekom is. Dit kan insluit:

- Die verwerking van u dokumentasie ten opsigte van die aansoek om n plasing van u kind;
- Verwerkings van betalings van skoolgeld;
- Die uitvoer van kredietverwysingsondersoeke of -verifikasie;
- Bevestiging en verifikasie van u identiteit of vir veiligheidsdoeleindes;
- Vereistes vir ouditering en rekordhouding;
- Die verskaffing van ons dienste aan u en u minderjarige kind;
- Die Wes Kaapse Departement van Onderwys (WKOD) die nodige te voorsien van inligting wat hulle benodig.

3. BEKENDMAKING VAN INLIGTING

- Ons kan u persoonlike inligting vir opvoedkundige doeleindes aan ons personeel bekendmaak asook aan die Laerskool waar u kind Graad 1 gaan bywoon.
- Ons kan ook u persoonlike inligting met derde partye deel en inligting van u verkry vir doeleinde wat in 2 hierbo gelys word (prokureurs, skuldinvorderaars, WKOD en die regering)
- Ons kan ook u inligting openbaar waar ons n plig het of die reg het om dit bekend te maak ingevolge toepaslike wetgewing, die wetgewing of bedryfskodes of waar dit nodig mag wees om ons regte te beskerm

4. BESKERMING VAN INLIGTING

Die POPI-wet vereis dat ons die persoonlike inligting wat ons bevat, voldoende moet beskerm en om ongemagtigde toegang en gebruik van u persoonlike inligting te vermy. Ons sal ons veiligheidskontroles en -prosesse deurlopend hersien om te verseker dat u persoonlike inligting veilig is.

As ons u persoonlike inligting moet oordra na n ander land vir verwerking of stoor, sal ons verseker dat enige party aan wie ons u peroonlike inligting deurgee, onderhewig is aan dieselfde vlak van beskerming van u persoonlike inligting soos van ons verlang.

5. U REG OM U INLIGTING OP TE DATEER EN TOEGANG TOT INLIGTING

U het die reg om toegang te verkry tot die persoonlike inligting in ons besit. U het ook die reg om ons te vra om u persoonlike inligting op te dateer, reg te stel of te verwyder. Ons sal alle redelike stappe doen om u identiteit te bevestig, voordat u toegang kry tot u persoonlike besonderhede of u persoonlike inligting opgedateer word.

Kontak ons vir die opdatering van u persoonlike besonderhede:
Epos: admin@welgemoedpp.co.za
Telefoon: 021 913 2400

| | |
|---|---|
| ______________________________________ | ______________________________ |
| Ouer 1/Voog 1 | Datum |
| ______________________________________ | ______________________________ |
| Ouer 2/Voog 2 | Datum |